Publication: Landbouweekblad

Date: Thursday, July 28, 2022

Page: 30





# Verstaan jou verhouding met geld

Om 'n bestaan te maak, moet 'n mens geld verdien, maar nie almal kan met geld werk of weet hoe nie. Hier is raad.

Party mense raak onmiddellik spandabelrig as hulle geld sien of as hulle weet dat daar geld beskikbaar raak. Ander raak weer vrekkerig en suinig, en pot alles op vir "eendag". Dan is daar die geldgieriges wat net wil aanhou geld maak. 'n Ander groep is weer nie gepla oor geld nie. Hulle kry swaar en voer 'n sukkelbestaan.

Dit gaan uiteindelik oor jou ingesteldheid teenoor geld. Iemand wat 'n avonturier is wat wil bergklim, skubaduik, visvang, jag of wat ookal, weet dat hy of sy geld nodig het daarvoor en spaar daarvoor. Die ander uiterste is mense wat geen ideale of vooruitsigte het nie en te min geld, en nog minder waagmoed, visie en durf, het om iets daaraan te doen.

Die geheim van die lewe is om 'n middeweg te soek tussen al die uiterstes. Elkeen van ons het keuses. Behou net balans.

## INKOMSTE- EN UITGAWESTAAT

Wees altyd uiters versigtig vir oorbesteding. Daarom is 'n begroting nodig. 'n Begroting is niks anders as 'n inkomste- en uitgawestaat nie.

Dit is eintlik eenvoudig. 'n Mens plaas op skrif hoeveel geld jy in 'n maand, jaar of semester verdien waarmee jy jou uitgawes kan betaal. Daarom skryf jy ook neer wat jou uitgawes is. Uitgawes word tot op die sent bepaal. Dit is nou noodsaaklike uitgawes. 'n Wyse man het eendag gesê: "Moenie koop wat jy nodig het nie, koop waarsonder jy nie kan klaarkom nie."

Die inkomste en uitgawes word met mekaar vergelyk om te sien hoeveel jy oor het en of daar 'n tekort is. Te min geld beteken jy moet jou uitgawes verminder. 'n Oorskot is besteebare inkomste en moet liefs weggesit word vir jou oudag of vir 'n sekere doel.

## HOU BY BEGROTING

Dit is maklik om 'n begroting op te stel, maar om daarby te hou, is moeilik. Dit is fantasties om dinge te besit en dit is nóg lekkerder om die topmodel-trekker of -bakkie te hê. Kyk egter altyd na die groter prentjie, behou perspektief en bepaal jou prioriteite.

Om die water en elektrisiteit te betaal, is mos belangriker as om daardie geld te neem en te gaan uiteet en fliek.

## SKULD

Om dinge op skuld te koop, is maklik as jy voorheen op skuld gekoop het. Jy toon jou inkomste, vertel 'n wit leuen oor al jou uitgawes, betaal die deposito en, siedaar, die TV, werktuig of voertuig is joune. Die vraag is of jy dit kon bekostig. Wat wys jou begroting?

Nou sit jy met 'n TV of 'n werktuig, en wat nou? Die skuld is gemaak en moet afbetaal word. Jy kan dit nie gaan teruggee nie. Dit is nou 'n gebruikte artikel en die winkel wil dit nie terughê nie. Daar is 'n geldige kontrak en hy gaan jou daarby hou.

Moet dus nie jou begroting oorskry nie. Moenie na ander, soos jou ouers, hardloop vir bystand nie. Waarom moet hulle skade ly omdat jy onverantwoordelik is?

Die eerste skuldmaak-oefening is die moeilikste. Die persoon wat wel skuld het, se afbetalingsrekord word nagegaan en as dit lyk of die persoon 'n gereelde betaler is, word nog meer skuld toegestaan.

## BORG STAAN

Iemand wat nog nooit skuld gemaak het nie, se eerste aansoek om iets op huurkoop of ingevolge 'n kredietafbetalingsooreenkoms te koop, word sommer gou afgewys, tensy so 'n persoon iemand anders vra om vir hom of haar borg te teken.

Om vir 'n ander borg te teken sodat skuld aan so 'n persoon toegestaan kan word, is onverantwoordelik. As die skuldenaar nie sy skuld betaal nie of nalaat om dit gereeld te betaal, sal die een wat borg gestaan het, daarvoor moet opdok. Die skuldenaar én die borggewer word aangemaan, gedagvaar en gevonnis.

Wees bedag op sekere borgstellings wat onderteken word wat soms só wyd is (veral by banke) dat die borggewer nie net vir daardie spesifieke skuld aanspreeklik gehou word nie, maar sommer vir alle skuld wat daardie persoon by die skuldeiser het en in die toekoms sal hê. Pas die borgstelling slegs vir die spesifieke skuld aan as jy wel gaan borg staan.

Indien jy wel vir iemand borg geteken het, moet jy onmiddellik 'n plan maak om jouself uit daardie borgstelling te kry. Indien die skuld waarvoor jy geteken het, afbetaal is en jy kan jou daar uitkry, sorg dat jy die oorspronklike borgdokument tesame met die oorspronklike ontslagbrief kry (by die bank of elders). Jy moet dit soos goud bewaar (vir ewig in jou kluis), want jare later kan die bank jou steeds probeer opskroef.

## SEKWESTRASIE

"Moenie hoër vlieg as wat jou vlerke lank is nie," lui die gesegde. As jy later nie in staat is om jou skuld te delg nie, kan jy insolvent (bankrot of gesekwestreer) verklaar word. Dit gebeur as jy self 'n vrywillige boedeloorgawe doen of wag tot iemand anders jou sekwestreer.

Insolvensie is 'n vonnis teen 'n individu. Dan kom jy op alle kredietburo's se swartlyste. Op elke vorm wat jy daarna invul, word gevra of jy al gesekwestreer was. Moenie daardie inligting weerhou nie, want jy sal uitgevang word. LBW

*Mnr. André Eloff (CFP) is 'n boedelbeplanner by Business and Legal Consultants en is lid van Fisa.*

NAVRAE: **andre@buslegal.co.za**

This material has been copied under a Not Selected licence and is not for resale or retransmission.